



**Geopende Deure**

Diens aan vervolgte **Christene** wêreldwyd

# FRONTLINIE GELOOF



**Dankie dat jy  
saam met die  
Christene in Indië  
staan >>>**

Vervolg  **Maar nooit alleen.**

**FEBRUARIE  
2020**

"Ons het nooit geweet mense sal ons help nie," p. 2 | Jou dapper, jong boeties is dankbaar vir jou! p. 3 | Wêreldwaarnemingslys: Sentraal-Afrikaanse Republiek, p. 4 | "God het jou gestuur om my te bemoedig," p. 5 | Jy versterk Sadia in haar stryd om te oorleef, p. 6  
Hul kerk is met 'n bom gegooi – maar jy sien hierdie kinders! p. 7



## “Ons het nooit geweet mense sal ons help nie”

### Dankie dat jy vir Neesa en haar familie in Indië help!

In 'n afgeleë dorp in Indië, staan 'n groep haastig-geboude modderhutte. Dit is die tuistes van 'n handvol Christengesinne, wat in die verlede een of ander vorm van vervolging vir hul geloof verduur het en uit hul dorpe verjaag is.

Jou ondersteuning het dit moontlik gemaak vir Geopende Deure se span om van hierdie uitgeworpe families te ontmoet. Dit sluit vir Neesa (55) en haar gesin in, wat bykans 10 jaar gelede uit hul dorp moes vlug.

*“In ons dorp het my man gewoonlik elke dag baie gedrink,” vertel Neesa. “Hy het siek geword van sy verslawing. Dit was vir ons 'n ongelooflike moeilike tyd, want afgesien van die uitgawes van sy behandeling het hy 'n groot lening aangegaan wat ons nie kon terugbetaal nie.”*

Gedurende hierdie moeilike tyd het Neesa en haar kinders Christus leer ken. *“Toe ek en my kinders begin kerk toe gaan, het my man baie gewelddadig geraak en ons elke dag geslaan. My kinders het van die huis af weggehardloop om van die mishandeling af weg te kom. Sedert ons die Christelike geloof aangeneem het, bied my ouers nie meer aan om ons te help nie.”*


Neesa se man is uiteindelik dood aan sy siektetoestand en alkoholverslawing. Ongelukkig was Neesa en haar seun, wat op

daardie stadium nog 'n tiener was, gelos met die verantwoordelikheid om haar man se lening af te betaal. Haar gesin het gesukkel om kop bo water te hou met hul karige inkomste, wat hulle verdien het deur die teël en melk van 'n paar bokke.

Gelukkig was dit vir hulle moontlik om 'n beter inkomste te genereer, nadat Geopende Deure-ondersteuners soos jy hulle voorsien het van die nodige hulpbronne om meer bokke aan te koop, asook om 'n klein besigheid te begin om hul hele familie te onderhou.

Neesa se dogter, Sheela (25), wat nou al getroud is met 'n dogter van haar eie, is so dankbaar vir die hulp wat julle moontlik gemaak het.

*“Ons is so geseënd met al die hulp waarmee Geopende Deure se vennote ons geseën het,” sê Sheela. “Ons bly in hierdie afgeleë plek – ons het nooit gedink dat mense ons sou kom opsoek en ons op hierdie manier help nie. Baie dankie. Ons verdien nou 'n baie beter [inkomste]. Om die waarheid te sê, kan ek my dogter na 'n beter skool stuur.”*

Dankie dat jy saam met hierdie Christene gestaan het toe hulle verwerp is deur die mense om hulle, omdat hulle volgelinge van Jesus is. 

# Jou dapper, jong boeties is dankbaar vir jou!



Jeovani, Dieu Fera en Steven in 2015.



Die drie seuns kan vandag weer glimlag, te danke aan jou ondersteuning!

Jeovani, Dieu Fera en Steven was baie jonk toe hul lewens vir altyd verander het.

In 2013 het ekstremistiese Moslems drie handgranate op hul kerk in Bangui, Sentraal-Afrikaanse Republiek, gegooi. Een van die handgranate het by Jeovani se voete geland – en hy het beide sy bene verloor. Sy vriende, Steven en Dieu Fera, was ook vasgevang in die ontploffing en het elkeen een van hul bene verloor.

Maar gelukkig hou ondersteuners soos jy aan om in te tree wanneer hulle dit die meeste nodig het.

Jeovani is hartseer oor sy bene, maar hy is nie kwaad vir die mense wat dit aan hom gedoen het nie. God het hom versterk, en daarom kan hy sê:

*“As ek die Moslem-man sou ontmoet wat die handgranate na ons kerk gegooi het, sal ek nie kwaad wees nie. Ek sal sê: ‘God vergewe jou, en Hy wil hê ek moet jou ook vergewe.’”*

Jou ondersteuning help hierdie drie seuns namate hulle aanhou groei en nuwe prosteses nodig het.

*“Een of twee keer n jaar groei ek so baie dat my kunsbene te klein raak,”* deel Jeovani. *“Wanneer hulle my begin seermaak, moet ek nuwe kunsbene kry wat groter is.”*

Die seuns is dankbaar dat jy ook help om hul skoolopleiding te voorsien. Steven sê:


*“Ek is bly dat julle my skoolfooie betaal, en die boeke en penne koop, asook n sak wat ek nodig het sodat ek skool toe kan gaan soos ander kinders. Mag God julle seën.”*

Prys die Here dat Hy hierdie drie jong seuns help om die ekstremiste te vergewe wat hulle en hul kerk aangeval het. En dankie dat jy hierdie dapper jonger boeties ondersteun!



## SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK

POSISIE **25** | WWL-PUNTE **68**



**2020-posisie #25**

**Streek Afrika**

**Christen-bevolking 74,6%**

**Regering** Presidensiële Republiek

**Bron van vervolging**

Georganiseerde korrupsie en misdaad

Christene in die Sentraal-Afrikaanse Republiek (SAR) ervaar vervolging vanuit drie kampe: Islamitiese ekstremisme, georganiseerde geweld en korrupsie binne die regering. Die voortslepende geweld het reeds in 2013 begin en was grootliks tussen Seleka (h Islamitiese ekstremiste groep) en anti-Balaka (h groep wat bestaan uit animiste en nominale Christene). Christen-leiers veroordeel die optrede van anti-Balaka militante wat in effek in kriminele bendes verander het. Die konflik het die ontworteling van duisende Christene tot gevolg. Gelowiges vanuit h Moslem-agtergrond word ook onder druk geplaas vanaf hul families en gemeenskappe.

Jou ondersteuning help om die Kerk hier te versterk, deur opleiding om gelowiges in vervolging op te hef, dissipelskapopleiding uit te brei, ekonomiese bemagtigingsprogramme, traumasorg en sosiale rehabilitasie vir vervolgte gelowiges.

Bid saam met ons:

- + Dat God die harte van ekstremiste sal verander wat Christene teiken.
- + Dat vervolgte gelowiges God se vrede en voorsiening sal ervaar.
- + Dat die werk waarin jy belê deur Geopende Deure vrug sal dra, en dat gelowiges versterk en bemoedig sal wees deur jou omgee.



**Martina sê:**

## **“God het jou gestuur om my te bemoedig”**

Terwyl Martina in Nigerië huilerig herroep hoe haar man, Joseph, drie jaar gelede vir sy geloof vermoor is, het God bemoediging na haar deur gestuur.

Op daardie oomblik het h Geopende Deure-werker, Hanna\*, haar besoek, h drukkie en briewe van vriende soos jy gegee, en die goeie nuus gedeel van ons volgehoue ondersteuning.

Toe Martina vir Hanna sien, het sy gesê: *“My hart was so swaar, want dit was die derde herdenking van Joseph se dood. Ek het gisteraand gedroom dat jy my kom besoek! God het jou gestuur om my te bemoedig op h tyd wat ek dit die meeste nodig gehad het!”*

Dit was nie h maklike pad vir Martina nie, maar God was getrou, en het vriende soos jy gebruik om haar te ondersteun en te bemoedig.

*“Toe ek my beste vriend verloor het, was die lewe nooit weer dieselfde vir my nie. Ek het niemand gehad om op staat te maak nie. Ek het alleen en verwerp gevoel. Maar jy het my dorp kom besoek om vir my te bid en my te bemoedig.”*

Die lewe vir weduwees in die noorde van Nigerië is nooit maklik nie. Baie eindig gewoonlik in armoede omdat uitgebreide familie hulle uitbuit, in plaas daarvan om na hulle om te sien.

Maar saam met jou, help Geopende Deure vir Martina deur haar huis te herbou, haar kinders se skoolopleiding aan te vul, en haar te voorsien van h lening om haar te help met haar klein rysbesigheid om haar familie te onderhou. Dankie dat jy die familie is wat Martina nodig het in haar tyd van nood.

\*Naam verander vir sekuriteitsredes.





## IN DIE LOOPGRAAF

### Jy versterk Sadia in haar stryd om te oorleef

Sadia\* is 'n 19-jarige Gelowige vanuit 'n Moslem-agtergrond wat in Kameroen bly. Drie jaar gelede het sy in dapperheid 'n Christen geword, en 'n jaar later het haar geestelike stryd begin toe sy met kanker gediagnoseer is en twee operasies, asook chemoterapie, moes ontvang.

Voor haar eerste operasie het Sadia aan Geopende Deure-werkers vertel dat sy reg is om dood te gaan en haar Verlosser, Jesus Christus, te ontmoet. Haar enigste wens was vir haar familieleden om ook tot geloof in Jesus te kom deur haar dood. Maar die Here het 'n ander plan gehad... afgesien daarvan dat sy lank gevat het om te herstel, het Sadia oorleef.

Jou ruimhartigheid maak dit moontlik vir 'n Geopende Deure-span om Sadia te besoek en haar te bemoedig terwyl sy behandeling ontvang. Jy help jou jong suster in Christus om haar mediese onkoste te dek, insluitend operasies en chemoterapie, asook om die nadraai van die chemoterapie te versag, en met bloedoortappings wat soms nodig is.

*"Ek dank elkeen wat my versorg en wat vir my bid," sê Sadia. "Mag God jou sien. Waar jy getrou is aan God se Woord en die lydendes help, mag God jou ook help soos jy ander help."*

Selfs al kom Sadia baie dapper voor, is hierdie nie vir haar 'n maklike pad nie. Dankie vir jou getroue ondersteuning om haar te versterk namate sy haar stryd voortsit.

\*Naam verander vir sekuriteitsredes.

# Hul kerk is deur 'n bom getref – maar jy seën hierdie kinders!

Alvaro (7) en Trinity (6) is drie jaar gelede beseer toe hul kerk in Samarinda, Indonesië, deur 'n bom getref is – en hulle ontvang steeds sjirurgie en mediese behandeling om van die aanval te herstel.

Die goeie nuus is dat jou ondersteuning gehelp het dat Alvaro Graad 1 by 'n laerskool kon begin. Dankbaar vir jou, sê sy ma, Novita: *“Hy is baie gelukkig en opgewonde om te begin skoolgaan.”* Hy het weke voor die skool begin het alles begin voorberei, soos sy skooluniform en om sy skoene te poets.

Trinity, aan die ander kant, ontvang nog operasies om haar vingers, elmbog en knie te herstel – en jou ondersteuning het gehelp om hierdie noodsaaklike operasies moontlik te maak. Trinity se ma stuur hierdie boodskap aan Geopende Deure-vriende soos jy: *“Baie dankie, mag jy altyd 'n seëning vir Christene en die wêreld wees. Jesus seën jou!”*

Hou asseblief aan om te bid:

- ◆ Vir krag en geduld vir hierdie gesinne, namate hulle voortgaan om hierdie lang pad tot herstel te stap.
- ◆ Vir die genesing, fisiek en geestelik, van die kinders en hul ouers.
- ◆ Dat God vir hulle vreugde, deursettingsvermoë en geduld in oorfloed sal gee, en dat hulle selfs in die donkerste ure sal aanhou hoop op God se beloftes.



# VANUIT JAN SE PERSPEKTIEF

Beste vennoot van die vervolgte Kerk,

Paulus skryf in Efesiërs 5:19-20: *“Sing met julle hele hart tot eer van die Here. Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.”*

Selfs al was Paulus se lewe vol uitdagings omdat hy Jesus gekies het, skryf hy steeds dat ons altyd dankbaar moet wees teenoor God vir alles.

Toe ek die stories oor ons vervolgte familie lees, soos dié van Jeovani en sy vriende op bladsy 3, het ek van die getuïenisse onthou wat ek gehoor het tydens besoeke aan ons broers en susters, en een ding wat vir my uitgestaan het, is dit:

*Hoe dankbaar hulle is.*

Ek dink aan my eie lewe, en hoe maklik dit is om ongelukkig te raak oor dinge soos beurtkrag of lae waterdruk. Dit is so maklik om op die negatiewe te konsentreer. Wanneer ek dink aan die stories en getuïenisse van die meeste vervolgte gelowiges, vind ek dat hulle soos 'n voortsetting van Handeling 1 is. En dit is asof ek Paulus kan hoor sê: *“Wees dankbaar.”*

Dit is dan wanneer ek besef dat daar baie lesse is wat ons, as die Kerk in Suider-Afrika, by ons vervolgte familie kan leer om ons in ons daaglikse wandeling met die Here te help.

Mag God ons oë oopmaak, nie net om hierdie lesse raak te sien nie, maar ook om die pleidooi van ons broers en susters te sien, wat in die grootste gevaar is omdat hulle volgelinge van Jesus is.

Dankie dat jy saam met ons staan in gebed en ondersteuning vir hulle – en dat jy die *Nooit Alleen*-veldtog so 'n groot sukses help maak het! Jy help mense soos Jeovani, Steven en Dieu Fera om te weet dat hulle nooit alleen is nie!

Wil jy graag meer hoor? Nooi Geopende Deure om waardevolle insigte te kom deel by jou kerk of gemeenskapsgroep. Besoek [www.opendoors.org.za/kontak](http://www.opendoors.org.za/kontak).

Saam in Sy diens,



Jan Gouws  
Uitvoerende Direkteur  
Geopende Deure Suider-Afrika



**Wees asseblief bewus dat van Maart af, sal jy jou nuusbrief elke twee maande ontvang – ten einde ons die vervolgte Kerk saam, beter kan dien.**

Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

F +27 11 888 9362

E [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)

I [www.opendoors.org.za](http://www.opendoors.org.za)



Open Doors South Africa

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors, ABSA - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**  
**Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552**

Bankbesonderhede: Namibië, **Open Doors Namibia, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**

(Faks asseblief die bewys van betaling na: +27 11 888 9362)

Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.

Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandrè by [milandre@od.org](mailto:milandreh@od.org)

REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho